

SUB-STANDERD B. BOEK I.

# EK KAN LEES.

deur E. TISMEER,

Departementale Instruktrise vir Kindertuin-Metodes in die Kaapprovinsie, en

L. B. HOSKING, vroeër Onderwyseres vir Kindertuin-Metodes aan die Opleidingskollege, Wellington, Kaapprovinsie.

Geïllustreer deur M. M. JOHNSON, Onderwyseres, Oudtshoorn.

# EK KAN LEES

DEUR

E. TISMEER,

Departementale Instruktriese vir Kindertuin-Metodes in die Kaapprovinsie

EN

L. B. HOSKING,

vroeër onderwyseres vir Kindertuin-Metodes aan die Opleidingskollege Wellington, Kaapprovinsie

Geillustreer deur M. M. JOHNSON, Onderwyseres Oudtshoorn.

SUB-STANDERD B.

BOEK I

UITGAWE VAN SWETS EN ZEITLINGER, AMSTERDAM

IN DIE JAAR 1929.

SPELLING VOLGENS DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE.



## DIE BOEK VAN LET.

Let! ek sien jou lees-boek.
Dis daar op die boek-rak.
Mag ek jou lees-boek neem?
Nee, Leen, hier is 'n boek vir jou.
Jy kan nog nie lees nie.
Kyk in hier-die boek!
Hou die boek vas!
Die boek mag nie val nie.
Jok sal die boek in sy bek neem.
Let sit haar boek weg.
Sy sit dit in haar boek-sak.



NUWE MOEILIKHEID.
Eenvoudige twee lettergrepige woorde.
Hoofletters.
*Sien die handleiding.*



## OOM RIJ.

Oom Koot saal Poon op.
Hy wil die pos gaan haal.
Let roep : Oom ! Oom !
Mag Leen saam gaan ?
Let en Leen mag al-bei saam gaan.
Ek neem dan die kap-kar.
Let hou vir Leen vas.
Het jy jou sak-doek Leen ?
Waar gaan oom die pos haal ?
Ek gaan die pos by die pos-kan-toor haal.
Oom sit die pos-sak in die kap-kar.
Hy ry nou huis-toe.



## LEEN EN DIE WAS-POP.

My was-pop was net nou hier.
Nou is sy weg.
Miem, weet jy waar Nel is?
Nel is die naam van my was-pop.
Daar loop Let met jou pop, Leen.
Let! Let! gee Nel vir my!
Ek kan-nie meer wag nie.
Ek het my was-pop lief.
Let, sien jy die wit sy-rok van Nel?
Hier is die sy-rok al, Leen.
Nel, my was-pop, jy is soet.
Jy mag met oom in die kap-kar ry.



SEEP KOOK.

Miem wil seep kook in die seep-pot.
Sy maak die seep van vet.
Tys soek hout vir Miem.
Miem wil vuur maak.
Tys gee haar 'n dik boom-tak.
Let en Leen soek ook hout.
Daar is die vuur al.
Die seep-pot is nou op die vuur.
Nou kook die seep.
Seep ruik net soos vet.
Let wil haar sak-doek was.
Die seep is nog sag.



## NEEF JAN.

Jan is die seun van oom Koot.
Jan woon by die see, ver weg.
Vry-dag om vier-uur kom hy by Piet.
Hy kom met die pos-kar.
Daar kom die pos-kar al aan.
Die pos-kar ry tot voor die pos-kan-toor.
Jan gee vir Leen en Let 'n soen.
Vir boer gee hy 'n geel-bek.
'n geel-bek is 'n vis.
Miem moet dit gaar maak.
Vir Miem gee Jan 'n kop-doek.
Maan-dag om ses-uur gaan Jan weer huis-toe.
Hy ry dan saam met 'n koop-man ;
Nie met die pos-kar nie.



'N RY-WIEL.

Piet leen sy ry-wiel vir Jan.
Jan kan nie ry nie.
Jan ry teen 'n boom vas.
Hy val.
Sy sak-mes en sy vul-pen val uit sy sak uit.
Piet loop naas Jan en hou die ry-wiel vas.
Piet is moeg ; hy laat die ry-wiel los.
Jan val op sy neus.
Jan huil, maar Piet lag.
Nee, Jan ! roep Piet, moe-nie huil nie !
Vee jou neus af met jou sak-doek.
Hier is jou vul-pen en jou sak-mes.
Nou sal ek vir jou wys hoe jy moet ry.
Maak maar net soos ek maak.




## IN DIE PARK.

In die dorp is 'n park.
Piet sien iets in die park loop.
Wat is dit?
Dis die aap.
Aap loop weg van die huis.
Nou sit hy hoog in 'n boom.
Piet roep die aap.
Aap wil nie van die boom-tak af-kom nie.
Daar kom die tuin-man van die park.
Aap maak net of hy nie hoor nie.
Aap loer en loer maar roer nie.
Die tuin-man sit 'n leer teen die boom-tak.
Hy sit die aap nou op sy arm.
Piet neem die aap huis-toe.



NUWE MOEILIKHEID.
Twee medeklinkers naas mekaar aan die end van 'n woord, uitgesonderd ns, nk, ng.
Drie medeklinkers naas mekaar aan die end van 'n woord.
*Sien die handleiding.*



## IN DIE PEER-BOOM.

Piet sit op 'n boom-tak van 'n peer-boom.
Hy kan die kerk sien.
Hy sien ook 'n tent en 'n palm-boom.
Dirk wil ook op die boom-tak kom sit.
Hoor, Dirk! jou oom roep vir jou!
Jy moet kom werk op die werf!
Piet neem 'n peer en wil hom eet.
Daar is 'n wurm in die peer.
Hy neem nog 'n peer.
Daar is ook 'n wurm in daar-die peer.
Piet wil af-kom, maar hy kan-nie.
Hy roep, Tys! Tys! kom help vir my!



## MELK EN ROOM.

Tys het gaan melk.
Hy neem die melk huis-toe.
Die melk is in die melk-kan.
Leen gee melk vir Wit.
Op die melk is 'n laag room.
Tys! gee melk vir die vark!
Van-dag eet al-mal tert met room daar-oor.
Miem gooi die room wat oor is in die room-kan.
Die room-kan mag nie in die son kom nie.
Die boer neem die room dorp-toe.
Oom Melt koop die room van oom.
Die room-kan is nou leeg.
Boer ry weer huis-toe.




## LEEN VAL.

Die boer werk in sy tuin by die pomp.
Dis warm.
Die tuin-man werk saam met die boer.
Hy help die boer met die pomp.
Die volk het gaan melk.
Leen loop in die tuin.
Sy wil vir die tuin-man sien werk.
Sy sien nie die put nie.
Daar val Leen in die put.
Leen roep, help ! help !
Die boer en die tuin-man hoor vir haar roep.
Boer neem Leen by haar arm.
Woeps ! is Leen weer uit die put.
Moe-nie huil nie Leen ! loop gou-gou huis-toe !








## LET LEER.

Waar is nou my lees-boek, Piet?
Ek moet my lees-les leer.
Ek moet gou maak, want ek moet nog iets doen.
Om ag-uur moet ek vir Leen gaan help.
My lees-les is van die see.
Vis woon in die see.
Ek eet vis met 'n vurk.
Piet! kom sit hier by die lamp!
Daar in die hoek kan jy nie sien nie.
Waar-van lees jy in jou lees-boek Piet?
My les is van Dirk en Gert.
Dirk en Gert het 'n voet-bal.
Piet, ek ken my les al.
Nou sit ek my lees-boek weer in my boek-sak.
Nag Piet! Nag Let!




## 'N VOET-BAL.

Dirk en Gert het 'n voet-bal.
Dirk wys dit vir sy maats, Neels en Piet.
Gert pomp die lug in met 'n pomp.
Die voet-bal is vol lug.
Wat is dit nou?
Die voet-bal is weer pap.
Neels sien 'n gat in die voet-bal.
Die lug kom daar-uit.
Piet, kan jou oom Melt die voet-bal weer heel maak?
Kom saam! my oom Melt woon daar in die tent.
Kort-kort help my oom vir my.
Die voet-bal is nou weer reg.




TUIN-WERK.

Kyk, hoe werk die volk in die tuin.
Elk-een het 'n hark.
Daar is veel werk vir die volk.
Par-ty moet werk met die hark.
Party moet melk.
Par-ty moet werk by die pomp.
Om elf-uur hou al-mal op.
Die volk rus dan in die tent.
Een man het 'n hals-doek om sy nek.
Hy haal dit af.
Dis warm in die tent.
Om half-een kom die boer kyk.
Om ses-uur gaan al-mal huis-toe.



## OP DIE WERF.

Leen sit op die werf in die son.
Sy sit op 'n kom-bers.
Sy kom kyk na al die die-re.
Daar loop 'n vark en 'n kal-koen.
Kyk Miem ; nog 'n vark en nog 'n vark.
Waar is die kalf ?
Die kalf is nie hier nie.
Die kal-koen pik 'n wurm op.
Die haan hou ook van wurms.
Miem, is die kal-koen dors ?
Nee, Leen !
Leen ! een dag sien ek die vark in die voor loop.
Die voor was half-leeg.
Kon hy self daar uit-kom, Miem ?
Nee, Leen ; ek moes vir hom help.



## 'N PAK.

Dirk sien die verf van die boer.
Die verf is in 'n pot.
Dirk roep sy maats, Gert, Neels en Piet.
Gert, verf jy die voor-deur van die huis!
Neels, verf jy die muur van die kom-buis!
Piet en ek sal die dak-geut verf.
Nou werk die vier.
Daar kom die boer aan.
Hy sien eers vir Piet.
Hoe durf jy my verf neem?
Nou sien die boer vir Dirk, Gert en Neels.
Vee af die verf en kom hier!
Die boer gee vir al-vier 'n pak.
Die boer sit sy verf-pot weg.
Dirk, Gert, Neels en Piet loop huil-huil weg.




'N BRIEF.

Wat het jy daar, Dirk?
Dis 'n brief, Piet.
Ek stuur die brief aan my broer Klaas.
Hy woon in Brak-pan.
My broer Klaas sal vir my 'n groot knip-mes stuur.
Ek wil 'n skuit maak.
Piet, sal jy vir my help?
Jy en ek seil dan die skuit op die dam.
Ek wil die brief nou pos by die pos-kan-toor.
Dis nou Maan-dag.
Vry-dag kan die knip-mes al hier wees.
Ek sal ook 'n man van klei maak.
Dis die kap-tein van die skuit.
Wat 'n pret!



NUWE MOEILIKHEID.
Twee medeklinkers naas mekaar aan die begin van 'n woord.
Drie medeklinkers naas mekaar aan die begin van 'n woord.
*Sien die handleiding.*



## DIE BOER GAAN OP REIS.

Trek die kap-kar uit, Tys!
Span Poon nou in!
Ek moet met die trein weg-gaan.
Ek gaan Kaap-toe.
Ek moet 'n ploeg en 'n slyp-steen koop.
Trek jou bruin broek en blou hemp aan, Tys!
Jy moet saam ry.
Daar fluit die trein.
Toet, toet, blaas hy.
Gee die sweep vir my en klim op, Tys!
Om drie uur sal ek in die Kaap wees.
Ek sal vroeg by die huis kom.
Die trein trek weer om ses-uur uit die Kaap.




## 'N SPIN.

Die boer wil op die stoep kom sit.
Miem! kom stof die stoel af!
Loop haal die stof-doek en maak die stoel skoon!
Oom is moeg van al die swaar werk.
Hy wil ook op die stoep kom sit.
Die boer en oom Melt praat oor die plaas.
Leen speel in die groen gras voor die stoep.
Sy sien 'n spinne-kop.
Die spinne-kop kruip op haar been.
Leen huil.
Sy durf nie die spin aan-raak nie.
Oom Melt neem Leen op sy arm.
Hy sit haar op sy knie.
Leen lag weer.
Sy is bly, want sy hou veel van oom Melt.




## OP DIE SPEEL-PLEK.

Op die speel-plek by die skool is 'n kraan.
Dirk en sy broer Freek speel by daar-die kraan.
Piet wil vir sy maats 'n poets bak.
Hy maak die kraan oop.
Die skoen van Dirk is nou nat.
Die kous van Freek is ook nat.
Dirk trek sy skoen uit.
Piet lag en loop weg.
As ek jou kry, Piet, gee ek vir jou 'n pak!
Piet sien vir Dirk en Freek aan-kom.
Hy klim in 'n boom en skeur sy broek.
Piet lag nou nie meer nie.



## BY DIE DAM.

Op die plaas van die boer is 'n groot dam.
Om die dam is 'n klip-muur.
Jok swem in die dam.
Hy sien 'n stok.
Hy wil die stok uit-haal.
Hy swem en swem.
Daar het hy die stok in sy bek.
Hy blaf en die stok val weer uit sy bek.
Daar kom Poon en Bles.
Bles wil ook in die dam loop.
Piet klim op Bles en klop hom op sy rug.
Hy ry nou Bles in die dam.
Let, wil jy ook op Bles in die dam ry?
Nee, Piet, ek durf nie.
Die dam is half-leeg. Let!
Nee, Piet, ek sal af-val.




## 'N SWEM-PAR-TY.

Die dam op die plaas is half-leeg.
Al-mal gaan nou swem.
Leen kan-nie swem nie.
Sy is nog klein.
Sy plas-plas aan die kant.
Dirk, Gert en Neels duik diep.
Gert sien 'n vis.
Hy gryp hom styf vas.
Die kleur van die vis is grys.
Piet leer vir Let swem.
Een, twee ; een, twee.
Steek uit jou arms, Let !
Die klein-span swem graag in die dam.
Party-keer gaan die boer ook saam.
Dan is die pret groot.



## 'N SKAAP IS WEG.

'n Skaap van die boer is weg.
Eers was die skaap in die kraal.
Al-mal moet help soek.
Jok ruik die spoor van die skaap by die kraal-muur.
Hy ruik, hy loop, hy soek.
Hy kan die skaap nie kry nie.
Daar staan Jok stil.
Hy hoor iets.
Dis die skaap wat skree.
Jok, soek aan hier-die kant van die berg!
Tys, soek jy nou aan daar-die kant!
Jok blaf en blaf.
Hy staan nou by die skaap.
Die poot van die skaap is af.
Tys neem die swaar skaap op sy rug.
Hy stap met hom kraal-toe.




## PIET DROOM.

Piet droom, dat hy in die skool is.
Hy is in die klas met sy maats.
Gert steek hom in sy been.
Ben blaas op 'n fluit.
Neels kruip op een knie.
Jan steun en kreun as of hy siek is.
Let draf deur die klas.
Freek maak die kraan oop.
Mie-mie skryf met kryt op die deur.
Dirk maak of hy skyf-skiet.
Koos blaf soos Jok.
Piet lag en lag.
Daar hoor hy : op-staan, Piet ! dis al ses-uur !



## LET WERK IN DIE TUIN.

Let is in die blom-tuin.
Die blom-tuin is droog.
Let spit met die graaf om die roos-boom.
Sy ruik die geur van die roos en van die roos-knop.
Sy pluk die roos-knop en sit hom in 'n vaas.
Die vaas is van glas.
Pas op, Let! moe-nie die vaas breek nie!
Sit die roos-knop in die blom-pot.
Op 'n roos-blaar sit 'n wurm.
Die wurm kruip oor die blaar.
Hy wil van die roos-knop eet.



## DIE SWART OS EN DIE BONT OS.

Heel vroeg wil boer van-dag gaan ploeg.
Hy neem die juk.
Hy span eers die swart os in.
Dan span hy die bont os in.
Die twee moet die ploeg trek.
Die swart os is fluks.
Die bont os is sterk, maar hy is lui.
Tys slaan die bont os met 'n groot sweep.
Nou trek hy.
Die ploeg-werk is nou klaar.
Die swart os en die bont os stap nou kraal-toe.
Dis die slaap-plek vir daar-die twee.
Leen ! moe-nie by die swart os staan nie !
Hy sal vir jou stoot !



NUWE MOEILIKHEID.
Twee medeklinkers naas mekaar aan die begin en aan die end van 'n woord.
*Sien die handleiding.*



## BY DIE SPRUIT.

Dirk en Piet speel by die spruit.
Die spruit is vol.
Dirk! moe-nie ver in-gaan nie!
Die spruit is diep!
Dirk val.
Hy is nou klits-nat.
Piet, kom kyk! ek kry hier 'n krap!
Ek hou hom by sy stert.
Pas op, Dirk! die krap sal vir jou knyp!
Jy sal skrik en dan sal jy skree!
'n Krap knyp mos seer.
Hier kry ek nog 'n krap en nog een.
Hier is 'n klomp.
Een been van hier-die krap is af.
Dis niks nie; hy kry weer 'n been.
Dirk, weet jy dat jy klits-nat is?
Kom sit hier in die warm son.



## NEELS KRY STRAF.

Neels is in die skool.
Sy skryf-boek is nog nuut.
Sy skryf-werk is nie skoon nie.
Daar is 'n groot swart merk op sy werk.
Neels het self spyt daar-oor.
Hy moet sy les oor-skryf.
Hy skryf en skryf.
Om vier-uur is hy klaar.
Hy stap nou speel-plek toe.
Hy is skaars uit die skoöl, of hy sien dat die lug swart is.
Kan dit 'n stof-storm wees?
Dis vir hom snaaks.
Hy wil nou nie gaan speel nie.
Hy gaan reg-uit huis-toe.






## BET EN SUS.

Bet en Sus woon by oom Melt.
Bet staan vroeg op.
Sy help vir oom Melt die volk kos gee.
Sus doen wer-kies in die huis.
Sy stof die kas af met 'n stof-doek.
Sus! moe-nie die swart raam oor-slaan nie!
Dis die swart raam wat om die groot prent is.
Sy stof ook die bruin raam van die klein por-tret af.
Bet spit nou in die tuin met 'n graaf.
Oom Melt! is hier-die plant nie snaaks nie? Hy het 'n skerp ruik.
Een-dag kom Piet skool-toe met 'n blom in sy knoops-gat.
Dit was ook 'n skerp-ruik-blom.
Daar hoor oom en Bet vir Sus roep. Kom, oom Melt! kom Bet! die brek-fis is klaar!





## STOMP-STERT OF STOMP-NEUS.

'n Buur-vrou van boer gee haar kat vir Leen en Let.
Hier-die kat is nie soos Wit nie.
Hy is grys van kleur.
Hy het geen stert nie.
Sy neus is ook snaaks.
Dis 'n stomp-neus.
Let neem hom in haar arms.
Sy gee hom die naam van Stomp-neus.
Leen wil hom die naam van Stomp-stert gee. Toe Wit vir Stomp-stert sien, wil hy met hom veg.
Snags slaap Wit op die stoep.
Stomp-neus slaap in die kom-buis.
Nou veg die twee nie meer nie.
Stomp-stert en Wit is nou groot maats.




# DIE PRUIM-BOOM-PIE.

In die tuin by die kerk staan 'n pruim-boom-pie.
Let en Leen wil gaan kyk of die klein pruim-pies aan daar-die boom-pie al ryp is.
Let leun oor die muur en sien 'n geel pruim-pie.
Sy skrik en skree.
Daar sit 'n klompie wurms op die een blaar.
Kom saam, Leen! ek wil nie van hier-die pruim-pies pluk nie.
Jy en ek gaan kyk by die klein hui-sie.
Die klein hui-sie wat in die groot straat staan.
Mis-kien is daar pruim-pies wat ryp is.
Dan sal ek die ryp pruim-pies koop.




---

NUWE MOEILIKHEID.
Maklike verkleinwoordjies.
*Sien die handleiding.*




## TREIN SPEEL. DEEL I.

Gert en Dirk woon in 'n klein hui-sie.
Gert speel op die stoep.
Dirk! gaan haal 'n stoel! dan speel jy en ek trein!
Maak 'n lyn vas aan die voor-poot van die stoel!
Klim in, Dirk! ek sal die trein trek.
Ek is mos sterk.
Daar fluit die trein en Dirk ry.
Wat sien jy Dirk?
Ek sien 'n kerk met 'n kerk-klok.
Ek kan ook 'n klomp pluim-vee sien.
Daar sien ek nog hui-sies en boom-pies.
Daar heel ver is ook nog stroom-pies.
Nou staan die trein stil.
Ek sal nou uit-klim Gert.
Nou is dit jou beurt.



## TREIN SPEEL. DEEl 2.

Leen kom kyk, hoe speel Gert en Dirk trein.
Sy het 'n klein mei-sie by haar.
Op haar hoof het die mei-sie 'n kep-sie.
Die kep-sie is van haar broer Neels.
Mag sy en ek saam speel, Dirk?
Klim uit Gert! nou sal die twee mei-sies in-klim!
Wag, ek maak 'n kis vas aan die trein.
Dis die trok.
Die trok is vir die die-re.
Jok en Wit en Stomp-stert ry in die trok.
Toet-toet! die kon-duk-teur blaas op sy fluit.
Gert maak 'n krui-sie op die stoep.
As die trein by daar-die krui-sie kom, staan hy stil.
Die mei-sies klim uit.
Leen gee vir Gert en Dirk elk 'n koe-kie.



## TREIN SPEEL. DEEL 3.

Piet, Let en 'n mei-sie met die naam van El-sie kom uit die skool.
Mag El-sie ook saam speel?
El-sie klim in en hou haar boe-kies op haar skoot.
Daar kom Gy-sie ook aan.
Maak gou, Gy-sie! al-mal kan in-klim!
In die trok is nou net Stomp-stert.
Gert wil ook 'n klein var-kie in die trok sit.
Nee, Gert! var-kies mag nie op die stoep kom nie!
Dirk en Gert is die en-jin.
Dis 'n swaar vrag.
Die en-jin sug.
O! O! skree El-sie, die trok val om.
Stomp-stert rol oor haar kop uit die trok.
Weg is sy.
Al-mal lag.
Nou klim die klom-pie mei-sies weer in.
Daar ry die drie.



## DIE BOER GAAN JAG.

Gert, Piet en Dirk kom saam ! ek wil gaan jag !
Gert, jou twee broers Pie-tie en Pie-rie kan ook saam gaan.
Daar is dan 'n klomp, want Tys gaan ook saam.
Tys moet die kos kook.
Neem 'n speen-var-kie, wors en sout-vleis, Tys !
Al-mal hou daar-van.
Boer ! waar is die roer ?
My roer staan in die hoe-kie by daar-die raam-pie.
Daar stap die klomp.
Die boer skiet 'n grys-bok ; Gert skiet 'n steen-bok.
Piet, Pie-tie en Pie-rie skiet mis.
Nou gaan die klom-pie rus.
Die speen-var-kie is al gaar.
Al-mal eet daar-van.
Nou gaan al-mal slaap.